7 CONSECUTIVE CLEAN AUDITS

SWARTLAND
Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!*
*We shape a beter future!*
*Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/
File ref: 15/3/6-14/Erf_474

Navrae/Enquiries:
Mnr H L Olivier

19 Februarie 2021

FJ Schoeman
Posbus 127
YZERFONTEIN
7351

Meneer

**VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK : AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN ERF 474, YZERFONTEIN**

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek vir die verlenging van die geldigheidstydperk rakende die onderverdeling van erf 474, Yzerfontein, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur.

Die voorwaardes soos opgelê in die Swartland Munisipaliteit se skrywe gedateer 7 April 2016 bly steeds van toepassing behalwe vir voorwaardes 6 en 7 wat vervang word met die volgende:

**6. ONTWIKKELINGSHEFFINGS**

(a) 'n Ontwikkelingsheffing ten opsigte van grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R 5 445,25 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/249-176-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
(b) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v waterverspreiding ten bedrae van R4 502,25 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/249-174-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
(c) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v. riool ten bedrae van R5 612,00 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/240-184-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
(d) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v. die rioolsuiweringswerke ten bedrae van R8 280,00 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/240-183-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
(e) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v strate ten bedrae van R11 500,00 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/247-188-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
(f) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v stormwater ten bedrae van R 3 192,40 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/247-144-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;

*Rig asseblief alle korrespondensie aan:*
**Die Munisipale Bestuurder**
**Privaatsak X52**
**Malmesbury 7299**

**Tel:** 022 487 9400
**Faks/Fax:** 022 487 9440
**Epos/Email:** swartlandmun@swartland.org.za

*Kindly address all correspondence to:*
**The Municipal Manager**
**Private Bag X52**
**Malmesbury 7299**

**Darling** Tel: 022 492 2237
**Moorreesburg** Tel: 022 433 2246
**Yzerfontein** Tel: 022 451 2366

(g) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v elektrisiteit ten bedrae van R 10 419.00 aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/247-144-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;

(h) Die Raadsbesluit gedateer Mei 2020 maak voorsiening vir 'n 40% korting op die ontwikkelingsheffing van toepassing op voorwaarde 6(b) tot 6(g) hierbo. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;

**7. ALGEMEEN**

(a) Enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke eiendom se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(b) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(c) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Indien daar nie uitvoering gegee word aan al die voorwaardes binne die 5 jaar tydperk, sal die goedkeuring verval;


(d) Die goedkeuring spreek nie die eienaar/ontwikkelaar vry aan die verkryging van enige nodige goedkeurings van ander statutêre owerhede nie.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/DS

*Afskrif : Die Landmeter-Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000*
*Direkteur : Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur: Elektiese Ingenieursdientes*
*Direkteur : Finansiële Dienste*
Per e-pos: ronel.schoeman@capetown.gov.za




**SLEUTEL:**

- Betrokke Erf
- Voorgestelde Onderverdeling
- Bestaande Woonhuis
- Losstaande braaler wat verwyder sal word

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
SWARTLAND MUNICIPALITY

Onderverdeling toegestaan ingevolge artikel 70 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), onderhewig aan voorwaardes.

Subdivision granted in terms of section 70 of the Municipal Land Use Planning By-Law (PN 8226 of 25 March 2020) subject to conditions.

2021/02/19
DATUM/DATE

MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

| | |
|---|---|
| TITEL: ONDERVERDELINGSPLAN ERF 474, YZERFONTEIN | |
| FISIESE ADRES: LUTIE KATZSTRAAT 39, YZERFONTEIN | |
| NOTA: ALLE AREAS EN AFSTANDE ONDERHEWIG AAN 'N OPMETING | |
| OPGESTEL DEUR: C.K. RUMBOLL & VENNOTE STADSBEPLANNERS PROFESIONELE LANDMETERS 16 RAINIER STRAAT, MALMESBURY Tel: 022 - 4821845 Fax: 022 - 4871661 E-pos: zanelle@rumboll.co.za | |
| DATUM: JANUARIE 2016 | OWERHEID: SWARTLAND MUNISIPALITEIT |
| VERW: YZ/9473/JJ | NOORD |